Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS NET MY BESTE

21 Julie 2023 Uitgawe: 1/3/2023

## UIT DIE KANTOOR

Welkom terug aan al ons Tjokkie-leerders en -ouers na 'n lekker wintervakansie. Ek hoop van harte dat almal weer uitgerus is en kan uitsien na die nuwe kwartaal wat voorlê. As oud-Laevelder het ek nog steeds nie lekker aangepas met hierdie koue weer nie. Nietemin, hierdie is 'n kort kwartaal, maar weereens propvol. Aktiwiteite soos ons Tjokkie Hokkiedag en die skoolkonsert is maar net twee van ons hoogtepunte waarna ons baie uitsien.

**Kwartaalverslae:**
Die leerders ontvang vandag hul rapporte. Vra gerus u kind daarna. Die tweede kwartaal se punte is 'n samestelling van assesserings en opdragte. Die punte van die toetsreeks en eksamen word per sekere gewigte ook hierby verwerk.
Oor die algemeen lyk die punte baie goed, veral as in ag geneem word dat die moeilikheidsgraad stelselmatig deur die jaar gelig word om die kind voor te berei vir die volgende graad.

Die Gr. 6- en 7-leerders ontvang vandag 'n belangrike brief rakende die vraestelle en slaagvereistes vir die November-/Desember-eindeksamen. Lees dit asb. sodat u bewus is van die veranderinge by hierdie grade.

**Oueraand:**
Die geskeduleerde oueraand wat op 25 Julie sou plaasvind, word uitgestel tot 1 Augustus. Die rede hiervoor is dat die Gr. 6-leerders en personeel volgende week by die Buitelugskool gaan wees en hierdie personeel nie beskikbaar is nie.

**Buitemuurs:**
Hierdie kwartaal is hoofsaaklik hokkieseisoen. Dit is die sportsoort by die skool waaraan die meeste leerders deelneem. Logistieke reëlings is 'n groot uitdaging, veral weens die gebrek aan spasie by Tjokkies. Ons maak dus gebruik van alternatiewe velde vir oefeninge en wedstryde. Indien u onseker is oor enige reëling i.v.m. hokkie, is u meer as welkom om u kind se koördineerder te kontak of direk met mnr. Kevin Basson of juf. Mariandel Nortje te gesels.


Verder is dit ook die kwartaal waartydens ons kultuuraktiwiteite 'n hoogtepunt bereik. Revue-feeste, Pom-pom optredes asook koorkonserte vind hierdie kwartaal plaas. Ons musiekleerders gaan ook die geleentheid kry om 'n simfoniekonsert by te woon. Soos vroeër genoem, vind ons skoolkonsert vanaf 18-21 September plaas. Dankie aan die ouers wat aangedui het dat hul sal help met kostuums, dekor, grimering, ens. Verdere inligting sal deur die loop van die kwartaal aan u gekommunikeer word.

**Kommunikasie:**
Ek ondervind weekliks dat daar sekere vrae en onsekerhede by veral van ons nuwe ouers ontstaan en dat hul onseker is waar hul gehelp kan word. Bestaande ouers het ook vrae wat antwoorde benodig. Daarom het ek besluit om 'n ***"vraag- en antwoordkolom"*** deel van die weekblad te maak. Hierin sal ek van tyd tot tyd probeer om sekere navrae te beantwoord. Kyk asb. uit daarvoor.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 21 Julie: | Leerders ontvang rapporte |
| | Skaaktoernooi (WP) |
| | Mangaung Krieketproewe |
| | Bernice West-konsert (Doxa FP) |
| 25-28 Jul: | Gr.6 Buitelugskool (Moolmanshoek) |
| 26 Julie: | Pom-pom kompetisie (Kroonstad) |
| 27 Julie: | Hokkieliga begin |

## VERJAARSDAE



Geen

## ANDER

**Personeelsake:**

Gedurende die vakansie het die onderhoude vir die nuwe adjunkhoof plaasgevind. Die Departement van Onderwys sal binnekort die skool laat weet wie in hierdie pos aangestel gaan word.

Ons verwelkom graag vir mev. Maryka Conradie (Gr. 2A) as nuwe onderwyser by ons in die grondslagfase. Sy en haar man kom van Kimberley. Sy is reeds 'n ma van twee en ons vertrou dat sy ook nou vir die Cheetahs sal skree. Sy is aangestel in die plek van juf. Monique Coetzee wat ons gedurende verlede kwartaal verlaat het. Ons vertrou dat sy vinnig by ons sal inskakel en deel van die Tjokkie-familie sal word. Baie dankie aan juf. Lené Swart wat die laaste paar weke moes waarneem in juf. Coetzee se plek.

Dan het juf. Dorette Smit (Gr. 7) net voor die vakansie bedank. Sy het 'n nuwe geleentheid gekry om haar vlerke in die buiteland te sprei. Sy verlaat ons middel Augustus. Planne word nog gemaak om haar plek te vul.


# HOKKIE

**Sportisimo Hokkietoer 2023**

Tjokkies wil baie dankie se vir die volgende borge wat gehelp het om ons hokkietoer 'n onvergeetlike belewenis te maak.

Ouers en Donateurs








# UITSLAE

**Kuns**

Alwyn Earle (Juf. Elsabé se Kunsklas) behaal 'n A met sy skouprent – baie geluk.  Sy naam is ongelukkig verlede kwartaal uitgelaat.

# KAALVOETKAFEE

**Kaalvoetkafee (Vicky of Geolène):**
**082 612 7756**
**E-posadres: kaalvoetkafee@tjokkies.co.za**

Vanaf volgende week is daar 'n splinternuwe afdeling op ons aanlynskakel vir Kaalvoetkafee-koopkaarte en ons stel bekend die Kaalvoetkafee-Kosblik!

Ouers (en kinders) kan via die aanlynskakel die hele week se kosblikke vooruit beplan en bestel. Kos word daagliks vars gepak en word pouses / na skool afgehaal by die Kafee se bestelvenster.

Daar is ook 'n oulike kossakkie en bybehore met ons mooi logo op wat bestel kan word om lekker warm kos (winter) of koue kos (somer) vars te hou. Gesond, vars en héérlik - ideaal vir ontwikkelende lyfies en slimkoppe!

Indien julle graag 'n spyskaart met beskrywings wil ontvang, stuur 'n epos na kaalvoetkafee@tjokkies.co.za of kontak ons via whatsapp. Kaarthouers sal van Sondag volgende week toegang tot die afdeling op die aanlynskakel verkry.

# MNR. GUNTER GEE TERUGVOER

Vraag

**Wanneer maak die klerebank weer oop?**

*In werklikheid bestaan die klerebank nie meer nie. Die nuwe **#tjokkieshop** se deure open op 1 Augustus. Dit is dieselfde lokaal as waar die klerebank was, maar met 'n splinternuwe ingang aan die agterkant. Ou (bruin) skoolklere sowel as die nuwe skooldrag sal daar beskikbaar wees. Ouers is egter reeds welkom om bestellings te plaas. Kontakbesonderhede: info@tjokkieshop.co.za of whatsapp 063 235 5517*

Vraag

**Waarom is daar so baie akademiese ontwrigting tydens skoolure?**

*Die kwartaallikse sportprogram word deur die onderskeie sportverenigings, waaronder ons geaffilieer is, bepaal. Ongelukkig het ons nie beheer oor hoe 'n gasheerskool hul program uitwerk nie. Ons moet ons neerlê by hul reëlings.*

*A.g.v. die gebrek aan fasiliteite by Tjokkies, maak ons gebruik van hoërskole se velde. Hul het ook hul eie buitemuurse program en gevolglik gebruik ons die tye wanneer dit beskikbaar is en dit noodsaak ons om wedstryde soms vroeër te laat begin.*

Vraag

**Waarom word huiswerk gegee ongeag die sport-, kultuur- of toetsweek te midde 'n huishouding wat bestuur moet word?**

*Volgens ons beleid is dit wel so dat daar in 'n Toetsweek steeds huiswerk binne perke gegee mag word. Nie tydens eksamens nie.*

Vraag

**Hoekom vind hokkieproewe in eksamentyd plaas?**

*As gevolg van die gebrek aan tyd op die kalender, is ons genoodsaak om in die eksamen ook proewe te hou. In die verlede het ons dit net voor die eksamen gehou, maar dan kry die kinders net een keer geleentheid om hulself te bewys. Die jonger leerders het min vaardighede en ons wil hul net eers die basiese vaardighede wys voordat sifting plaasvind.*

*Die proewe in die eksamen dien dus as 'n tweede rondte. Dit gee kinders die geleentheid wat dalk siek was 'n regverdige kans. Ons probeer juis die proewe in skooltyd hou waar ons kan, maar die seniors speel hul wedstryde op die Astro en dis al wanneer die Astroveld beskikbaar is. Ons sal wel in die toekoms probeer om gedurende die LO-periodes al siftings te begin doen.*

# SNUFFELS


Tjokkies bied aan:
KOORAAND
Juniorkoor- Dirigent: Jana Stoltz
Seniorkoor- Dirigent: Jo-Retha Rossouw
Begeleidster: Marietjie Langenhoven
Kaartjies R60 pp (Te koop op Karri)
Plek: Geloofsentrum Universitas
Tyd: 18:00 vir 18:30
Navrae: Jana Stoltz 072 731 1292
4 AUG 2023


WORD 'N JONG
WETENSKAPLIKE!
Sluit aan by Witjassies! Wetenskap klasse hier by Tjokkies!
Die Witjassies
Little Lab Coats
BLOEMFONTEIN
Aktiewe deelname aan eksperimente vir 'n blinker toekoms
www.littlelabcoats.co.za • www.witjassies.co.za • Anke 0837448529 • bloem.witjassies@gmail.com







**Auto Pedigree Bloemfontein Service Centre**
Visit us at 89 Oliver Tambo Street, Bloemfontein / Call us on (051) 448-3571

**Service Centre Manager:** Leonard Grimsdell (079 104 5994 / leonard.grimsdell@autopedigree.co.za)
**Service Advisor:** Ruan Rossouw (066 245 6640 / ruan.rossouw@autopedigree.co.za)
**Trading Hours:** Monday to Friday (7am - 5pm), Saturday (8am - 12pm)

T&Cs Apply on Specials and Promotions

miwa
Proud Association of RMI

AUTO PEDIGREE
You deserve a great deal!
SERVICE CENTRE